Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 30 Oktober 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "We contend that for a nation to try to tax itself into prosperity is like a man standing in a bucket and trying to lift himself up by the handle" Winston Churchill***


## WAT DIE MARK BETREF

Ek het na die Springbokke in Ierse kroeë in Tokio, Beijing en meer onlangs in Washington en Atlanta gekyk (Amerikaners weet niks van rugby nie en wil ook nie iets van rugby weet nie; om magtiging te kry om al die wêreldbeker wedstryde te wys moes die Ierse kroeg US$ 10 000 opdok). As jy in lande reis waar rugby nie 'n afgod is soos in Suid-Afrika en Nieu-Seeland nie, en jy moet na 'n wedstryd kyk, google net Irish Pub en jy sal 'n plek vind. Alhoewel tydens die naweek van die kwarteind finaal was die Ierse kroeg in Washington teen die einde van die Argentinië-Ierland wedstryd 'n depressiewe plek!! Die punt is dat die Ierse kroeë die kyk van internasionale rugby "besit" (en omtrent enige ander sport). Net soos die Ethiopiërs taxis in Washington besit – bel 'n taxi in DC en die kanse is 1 uit 3 dat die bestuurder 'n Ethiopiër gaan wees; hulle "besit" daardie ruimte. Hulle is gevind om betroubaar, skerp en goeie taxi bestuurders te wees; hul familielede word gehuur as hul in die VSA arriveer; en hul maak seker dat hul die werk goed doen sodat enige nuwe famlielede wat arriveer ook gehuur sal word.

Die suider-Afrika gedeelte van die suidelike halfrond se sitrusmark vergroot deurlopend. Byna drie van elke vier lemoene wat gedurende die noordelike halfrond se somer verbruik word kom van suider-Afrika; feitlik alle pomelo's wat verbruik word is Suid-Afrikaans terwyl suurlemoene of van Argentinië of Suid-Afrika is. Sagte Sitrus is 'n bietjie meer kompeterend – maar weereens het Suid-Afrika 20% van die mark. Dit is bereik deur die mark te voorsien met 'n goeie balans tussen gehalte, diens, betroubaarheid, etiese produksie, omgewingsbewustheid en prys terwyl voedselveiligheid verseker word. Hoe meer suider-Afrikaanse sitrus verbruik word, hoe meer bewus raak mense/invoerders en handelaars van die goeie proposisie wat die produk inhou, wat tot meer verkope lei.

Hierdie posisie word nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. As 'n markleier, sal selfvoldaanheid lei tot die afname in volume; deurlopende verbetering, aandag aan detail en om kopers te verras sal toelaat dat die mark groei – wat broodnodige stimulus aan die ekonomie sal verskaf, werksgeleenthede sal behou en skep en landelike welwaart verseker. Om iets te "besit" moet jy dit versorg en koester.

## SUID-AFRIKA IS DIE GROOTSTE UITVOERDER VAN VARS VRUGTE IN DIE SUIDELIKE HALFROND




By die "Southern Hemisphere Association of Fresh Fruit Exporters (SHAFFE)" se AJV in Atlanta verlede week het die sekreteriaat die nuutste data oor die volume van vars vrugte wat deur sewe van die SHAFFE lede verkoop is, gewys. Sedert 2012 is Suid-Arika die grootste suidelike halfrond uitvoerder van vars vrugte; die gaping tussen nommer twee (Chile) het in 2014 vergroot omdat Suid-Afrika 'n "bumper" jaar beleef het terwyl die Chileense oes weens moeilike klimaatstoestande gesukkel het. Argentinië het ook die effek van die moeilike Suid-Amerikaanse klimaatstoestande getoon asook sy eie ekonomiese ellendes. Peru toon goeie groei; Nieu-Seeland en Australië toon ook groei, terwyl Uruguay by 2005 se vlakke is.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 42 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.1 m | 14.9 m | 16 m | 15.3 m | 16.1 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 9.9 m | 10 m | 9.6 m | 10 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.6 m | 13.2 m | 15 m | 12.9 m | 14.7 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 51.1 m | 50.6 m | 52.5 m | 47.7 m | 50.4 m | 49.1 m | 52.5 m | 50.9 m |
| Totaal | 113.7 m | 115.3 m | 118.1 m | 111.1 m | 115.6 m | 113.1 m | 118.1 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVE BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**